

# Sonnerad

**NUUSBRIEF VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS**  
**NEWSLETTER OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY**

JG 35, NR 2  
VOL 35, NO 2

Desember 2018  
December 2018

Geagte lede

Dit is 'n groot voorreg om as Redakteur van die *Sonnerad* oor te neem. Dr Claudia Gouws het die pos as Redakteur sedert 2015 gevul en het 'n onskatbare bydrae tot die nuusbrieff gelewer. Ek het groot skoene om te vul.

Die *Sonnerad* gaan voortaan in Maart en September verskyn. Julle is welkom om deur die jaar vir my relevante berigte vir plasing te stuur. Dankie aan almal wat bygedra het tot hierdie maand se interessante nuusbrieff.

Die jaar het verbygesnel en een van die dae is dit al weer Kersfees. 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar word almal toegewens.

Kersfeesgroete  
Petra Luus  
Redakteur  
[petra@es.org.za](mailto:petra@es.org.za)

Dear members

It is an honour to take over the role of Editor of the *Sonnerad*. Dr Claudia Gouws filled the post of Editor since 2015 and resigned earlier this year. She made a huge contribution to the newsletter and I have big shoes to fill.

Henceforth the *Sonnerad* will be published in March and September. You are welcome to send relevant articles for publication to me throughout the year. Thank you to everyone that made a contribution to this month's interesting newsletter.

The year flew by and it is almost Christmas again. I wish everyone a merry Christmas and happy new year.

Christmas greetings  
Petra Luus  
Editor  
[petra@es.org.za](mailto:petra@es.org.za)



---

## NUUS UIT DIE RAAD

---

- ❖ Die 2019-kongres sal op 18 en 19 Oktober by die Vlootmuseum in Simonstad plaasvind. Die tema is "Water". Meer inligting sal vroeg in volgende jaar uitgestuur word.
- ❖ Uitgawes van die *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* is te koop. Die koste beloop R50 per tydskrif (posgeld uitgesluit). Dit sal ook by toekomstige SAVK-kongresse verkoop word. Kontak Petra Luus by [petra@es.org.za](mailto:petra@es.org.za).
- ❖ Dankie aan Nándor Sardaky wat hierdie maand die Vereniging se argief gaan orden.
- ❖ Die Vereniging gaan volgende jaar as Kategorie C-lid by die Erfenisstigting aansluit. Lidmaatskap van Die Erfenisstigting beteken dat 'n lid voortaan deur middel van maandelikse elektroniese nuusbriewe ingelig sal word t.o.v. die sake van die Erfenisstigting en die Voortrekkermonument.

As Kategorie C-lid sal die Vereniging ook kandidate vir Kategorie C kan nomineer, sou daar vakatures wees, en sal stemreg by Algemene Jaarvergaderings mag uitoefen. Die SAVK sal dan 'n aandeel aan die verkiesing van die Direksie hê en op hierdie wyse by erfenisbewaring in Suid-Afrika betrokke raak.

### AKKREDITASIE BY DIE SAVK

Dit is nou reeds vyf jaar sedert 'n akkreditiestelsel deur die SAVK se Jaarvergadering goedgekeur is. Die behoefte aan akkreditasie het by die lede ontstaan, spesifiek diegene wat konsultasiewerk doen. Tans het die Vereniging egter slegs ses geakkrediteerde lede. Volgens grade is dit – Graad I: 2 lede; Graad II: 3 lede; Graad III: 1 lid. Daar kan tereg gevra word of die akkreditasie enige doel dien en of die SAVK daarmee behoort voort te gaan. Die Raad voel steeds so en deel graag die volgende mee.

Akkreditasie is nie uitsluitlik bedoel vir lede wat konsultasiewerk doen nie. Enige lid van die SAVK kan aansoek doen. Konsultante benodig dikwels 'n bewys dat hulle by die een of ander instansie geakkrediteer is. Die voordeel vir hierdie lede is dus ooglopend. Ander lede kan egter ook aansoek doen, al is dit bloot om aan te dui dat hulle dan deur die SAVK 'gereken' word. Natuurlik kan sodanige persoon moontlik hier en daar konsultasiewerk doen en die voordeel om aan te dui dat jy by 'n sekere vakvereniging geakkrediteer is, kan in jou guns tel. Indien iemand dalk in die toekoms begin om konsultasiewerk te doen, is dit ook voordelig om aan te dui dat jy reeds geruime tyd by die SAVK geakkrediteer is.

Een van die oogmerke met die akkreditiestelsel was ook dat die lys van geakkrediteerde lede versprei kan word aan ontwikkelaars en instansies soos die SA Erfenishulpbronagentskap. SAEHA word gereeld gekontak om 'n lys van erfeniskonsultante beskikbaar te stel, en sodoende kan ons lede hierdeur bevoordeel word. Dit is egter sinneloos om 'n lys met bloot ses name deur te gee.

Gevolgtlik wil die SAVK raad 'n versoek tot lede rig om dit ernstig te oorweeg om aansoek te doen vir akkreditasie. Dit behels slegs die invul van die aansoekvorm wat op ons webwerf beskikbaar is –

www.savk.org. Die vorm is beskikbaar as 'n Word-dokument en 'n Pdf-dokument, maar die akkreditasiekomitee verkies dat die Word-weergawe gebruik word, omdat dit makliker is om kommentaar daarop aan te bring en so aan ander komiteedele te versprei.

Die akkreditasiekomitee bestaan tans uit professore Anton van Vollenhoven (sameroeper), Matilda Burden en Kobus du Pisanie. Die vorms kan aan enigeen van hulle gestuur word, maar verkieslik aan die sameroeper by [antonv@archaetnos.co.za](mailto:antonv@archaetnos.co.za).


- Anton van Vollenhoven  
Voorsitter van die SAVK

## IN MEMORIAM

Dit was 'n hartseer jaar vir die Verening met die afsterwe van prof. OJO Ferreira, Marié van Heerden en tannie Greta Gericke, moeder van prof Matilda Burden. Cecilia Kruger het 'n huldeblyk aan Marié van Heerden geskryf.

### MARIÉ VAN HEERDEN

\*5 Julie 1940 (Uitenhage) – † 10 November 2018 (Pretoria)



In 1984, na meer as twee jaar se navorsing, het Marié se werk, "*Stokkiesdraai, die Verwoerdversameling in beeld en dokument*", verskyn. Dit was een van HAUM se prestige-publikasies ter viering van hulle 90ste bestaansjaar.

Marié het in 1957 aan die Hoërskool Aliwal-Noord gematrikuleer waarna sy 'n BA-graad en 'n Senior Onderwysdiploma aan die Universiteit van Stellenbosch behaal het. In 1977 en 1979 behaal sy onderskeidelik die Nagraadse Diploma in Museumkunde en 'n Honneurs in Afrikaans-Nederlandse

Kultuurgeskiedenis, beide met lof, aan die Universiteit van Pretoria. Sy het die volgende skripsies vir die Museumkunde Diploma voltooi: *Die geskiedenis van die museumwese in Suid-Afrika* en *Die identifisering van kultuurhistoriese voorwerpe d.m.v. natuurwetenskaplike metodes, met spesifieke verwysing na tekstiel*. Die titel van haar BA Honneurs-skripsie was *Die gebruik van musiek en musiekinstrumente soos blyk uit reisbeskrywings, herinneringskrifte, dagboeke en ongepubliseerde bronne vanaf 1652 tot 1925*. In die 1990's behaal sy haar MA-Graad in Kultuurgeskiedenis met die studie: "Eerbetonings aan Suid-Afrikaanse Eerste Ministers (1910-1966): 'n Museumkundige studie" – ook met lof.

Sy het haar loopbaan as onderwyseres by die Hoërskool Milnerton in 1962 afgeskop maar is later dieselfde jaar na Nederland waar sy aanvanklik as sekretaresse in diens van die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging getree het. Van 1964 tot 1967 was sy sekretaresse aan die Vrije Universiteit, Amsterdam. In 1968 keer sy terug na Suid-Afrika en aanvaar diens as administratiewe assistent by die Staatsargief in Kaapstad. In 1973 word sy na die Afdeling: Universiteite by die Departement van Nasionale Opvoeding in Pretoria oorgeplaas en in 1974 word sy Navorsingsbeampte by die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Vyf jaar later stel die Universiteit van Pretoria haar in die destydse Departement Afrikaans en Nederlandse Kultuurgeskiedenis as dosent aan.

Op navorsingsgebied het Marié bydraes tot verskeie publikasies gelewer, waaronder die FAK se *Kultuur Almanak* en *Afrikanerbakens*. Sy het ook tot die *SA Biografiese Woordeboek* en die publikasie oor Pierneef bygedra.

Dit was veral as meelewende dosent wat Marié sekerlik die grootste impak gemaak het. Van 1979 af tot Desember 2005 was sy die organiseerder van die Nagraadse Diploma in Museumkunde en voltydse dosent in Kultuurgeskiedenis vir voor- en nagraadse studente. Die kursus sou later deur die Geskiedenisdepartement oorgeneem word, wat later as die Department Historiese en Erfenisstudies bekend geword het. Sy was o.a. verantwoordelik vir die herstrukturering van die kursusse in Museumstudies om by die veranderende behoeftes in die praktyk, beide nasionaal en internasionaal, aan te pas. Die kursus het mettertyd as die Nagraadse Diploma in Museum- en Erfenisstudies bekend gestaan.

In dié 26 jaar het letterlik honderde potensiële Museumkundiges en Kultuurhistorici onder haar leiding gekwalifiseer. Dit is veilig om te aanvaar dat meeste museums in die land, veral in die noordelike provinsies, ten minste een professionele museumkundige in diens geneem het wat die kursus voltooi het.

Marié sal onthou word vir haar simpatieke benadering tot alle studente. Sy het dikwels die ekstra myl gestap vir diegene wat op een of ander manier nie so bevoorreg soos ander was nie.

Die Suid-Afrikaanse museumwêreld het 'n ikoon verloor. Ons eer haar nagedagtenis.

- Cecilia Kruger  
Besturende Direkteur van die Voortrekkermonument en Erfenisstigting

---

## MUSEUM- EN ERFENISNUUS


---

### RESTOURASIE VAN TOTIUS HUIS 2018

Totius Huis was die woning wat die bekende digter en Bybelvertaler tussen 1911 en 1924 bewoon het in sy kapasiteit as Rektor van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk te Potchefstroom. Die woning is in 1977 as huismuseum geopen.

Die oorspronklike inrigting van die woning was meer 'n weerspieëling van die restourasietydperk as 'n ware beeld van die tydperk toe dit deur Totius bewoon is. Weens geldelike tekort en verskeie ander redes is die interieur sedert die opening van die museum nie weer opgeknop nie.

Einde 2017 het strukturele krake begin wys in die gang, eetkamer, voorste slaapkamer en badkamer. Die krake, veroorsaak deur grondverskuiwings, asook weens foutiewe instandhoudingsmetodes in vroeër dae, is skoongemaak en met die korrekte kalkpleister herstel. In bogenoemde vertrekke moes die muurpapier dus verwyder word.



Ingangsporthaal voor restourasie

Ingangsporthaal tydens restourasie

Ingangsporthaal na restourasie

Onder die muurpapier word steeds periode-kalkpleister aangetref. Die onderste verflae het getoon dat hierdie vertrekke geverf was, en plek-plek later met muurpapier vervang is. Die interieur is weer geverf in 1951 toe dit 'n koshuis geword het vir Potchefstroom Gimnasium.



Die kleure gevind op die onderste lae is periodies korrek vir die laat-Edwardiaanse tydperk, en die kleure wat daar aangetref is, bevestig deur herinneringe opgeteken deur Totius se dogter, Bettie, asook deur oud-Teologie studente en skoolmaats van die Du Toit-familie. Mevrouw Robbertse van Krugersdorp het die huis in Oktober besoek, en sy was saam met Bettie du Toit op skool. Met die intrapslag was haar woorde aan my: "Ai, hoe onthou ek die groen gang!"


Die kleurskema is in samewerking met Annemarie Carelsen van Ditsong Museum bevestig. Wohnen Verwe en AfriForum Jeug het ruimskoots bygedra tot die borg van verf en AfriForum Jeug het selfs help verf! Nuwe kantgordyne, tekstiele en los ornamente is ook aangekoop met geld geskenk deur die Rupert Trust.

Die stoeprelings is ook jare laas herstel en het geweldige verweer getoon. Die Erfenisstigting het die projek geheel gefinansier en al die houtwerk buite en om die huis is of vervang of gerestoureer. Die restourasie is 'n deurlopende projek wat gedoen word soos fondse beskikbaar word. Die volgende stap is om die ander vertrekke ook te restoureer soos hulle oorspronklik was, die muurpapier in die eetkamer en studeerkamer te vervang met herdrukte periodies-korrekte papier en laastens die tuin weer te restoureer soos dit gelyk het toe Totius en sy gesin die huis bewoon het.

- Johan Wolfaardt  
Vakkundige Beampte, Potchefstroom Museum



Voorste slaapkamer voor restourasie



Voorste slaapkamer na restourasie

### **DIE ERFNISSTIGTING**

Die Erfenisstigting (ES) is dankbaar om aan die einde van sy 16de bestaansjaar te kan terugkyk op 'n uiters vrugbare en positiewe jaar t.o.v. hul werksaamhede ter plaatse, maar ook landswyd. Die ES het die volgende inligting verskaf:

In die jaar wat verby is het die NHK-argief en ander personeel behoorlik nesgeskop in die Erfenisentrum en het veral ons argiefversameling uitgebrei met die toevoeging van die ATKV se dokumente wat voorheen in Bloemfontein gehuisves was.



Verskeie navorsingsprojekte het tot artikels en / of publikasies aanleiding gegee en die Erfenisstigting het die Voortrekkermonument ondersteun met die 80ste herdenking van die hoeksteenlegging deur twee publikasies aan die onderwerp te wy, die Moerdijkgedenklesing en die Geloftekongres te reël. Meer as 24 plaaslike erfenisbewarings- of EBB-komitees is landswyd gestig – wat ons as 'n verblydende opswelling in bewaringsbewuswording ervaar.

Danksy die ruim ondersteuning van ons donateurs, bydraes van die Voortrekkermonument en enkele kommersiële bewaringsprojekte, hou ons die spreekwoordelike potte aan die kook.

## THE VOORTREKKER MONUMENT

The Voortrekker Monument was very busy this year with the 80<sup>th</sup> commemoration of the laying of the cornerstone of the Monument. They provided us with the following information:

Several existing events such as the antique markets and the military fair used the VTM-80 logo with great enthusiasm. The Heritage Festival was also given a "dusting" and tackled with renewed vigour and new events took place. Of these, the traditional craft exhibition in the Cenotaph Hall in November was surely one of the highlights. The new VTM-80 race that took place on the site on 24 November was a highlight and it will now become an annual event.

In addition to the new 45 minute DVD by ULULA Productions about the history of the Monument, several memorabilia were also produced, including these beer mugs and wine glasses. The beer mugs are sold separately and the wine glasses are in a gift set of six. Both are a very limited edition and will be available on the 16<sup>th</sup> of December at the Monument. If you are unable to get them on the day, you may order them from Thea Furstenburg at [thea@vtm.org.za](mailto:thea@vtm.org.za).



The Monument was lit up in blue the whole of November as part of the world-wide diabetes awareness campaign. Some of the other well-known places in the world that were also blue are the *London Eye*, the Sydney Opera House, the Niagra Falls, the *Sears Tower* in the USA and Table Mountain.





Foto: Jacqueline Boshoff



A service will take place on 16 December in the Monument. Please note that the northern amphi-gate will also be open to speed up entrance to the site. Entrance is free for people attending the service.

The program is briefly:

- \* 06:30 VTM main gate and northern gate open
- \* 07:00 Assegaai gates and the Monument doors open and guests are seated
- \* 08:15 Songs: Song leader is Evelyn Ferreira
- \* 08:30 Talking up of the collection
- \* 09:00 Reading of the Covenant
- \* 09:05 Covenant service lead by ds Christo Pretorius – Reformed Church
- \* 10:00 Finish – pack away chairs
- \* 11:00 VTM main gates open for the general public (normal entrance fees applicable)
- \* 12:00 The sun shines on the Cenotaph



After the service at 10:00, dr. Jackie Grobler will deliver a talk on the Battle of Blood River at the chapel. Entry is free. Our cannon *Sussana* will be fired at 11:00.

### **RNG KERAMIEK-EMBLEME VAN GEHALTE OM GESTEELDE BRONS PLAKETTE TE VERVANG**



Oor die afgelope twee dekades het talle brons erfenis-embleme van die gewese Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) van die land se verklaarde geboue, monumente en ander erfenisgedenktekens verdwyn soos wat diewe wat brons- en koperware steel, dit uitkap, opkap en dan vir skroot verkoop.

As plaasvervanger, en teenvoeter vir die diefstal, het 'n kunstenaar op die versoek van 'n erfenistrust in Kaapstad 'n gietstuk van 'n oorspronklike RNG-wapen gemaak en in keramiekklei gereproduseer. Dit is toe gebak, gekleur en geglasuur en weer gebak om net soos brons te lyk. (Sien Foto)

Die eindproduk is besonder duursaam en lyk net soos die oorspronklike brons RNG-embleme. Die keramiek is bestand teen son, reën en wind, terwyl dit vir bronsdiewe waardeloos is. Die embleme word maklik met gewone silikon-plakstof aan mure geheg.

Die keramiek-embleme is beskikbaar teen R700 elk. Die koste sluit spoedige versending met Postnet se koerierdiens in.

Belangstellende bewaringsorganisasies kan Marthinus van Bart hieroor kontak by e-pos: [kultuurkroniek@gmail.com](mailto:kultuurkroniek@gmail.com) of telefoon 072 740 5203.

- Marthinus van Bart

## DIE VOORTREKKER GEDENKMONUMENT PETRUSBURG

Petrusburg Erfeniskomitee:

Ons wil u aandag vestig op die geskiedkundige monument by die dorp se ingang. Gedurende 1838 het die Voortrekkers die Groot Trek vanuit die Kaapkolonie na die binneland aangepak om vir hulle beter toestande te soek. In 1938, 100 jaar later, was daar weer 'n simboliese ossewatrek as herdenking van die trek in 1838. So het die wa Andries Pretorius by Petrusburg in die Vrystaat op 11 Oktober 1938 verbygekom en by daardie geleentheid was die onthulling van die Voortrekker Gedenkmonument in Petrusburg. Dit was 'n groot feestelike geleentheid en volgens oorvertellings is dit bygewoon deur meer as 3 000 mense. Die ossewa het oor die nat betonblad, met die woorde "LANGS DIE PAD VAN SUID-AFRIKA" gery en die wa en osse se spore daar vasgelê. Deur die jare is feestelike geleenthede dikwels by die monument gehou. Met Republiekwording op 31 Mei 1961 was daar 'n groot fees en is daar 'n koperplaat as gedenkteken aangebring. Ook in 1988 tydens die 150-jarige herdenking van die Groot Trek, was daar 'n vlaghysingseremonie en 'n kranslegging deur die plaaslike kommando. Ook is by daardie geleentheid 'n koper gedenkplaat deur die plaaslike Rapportryerskorps aangebring. Hierdie koperplaat is egter intussen gesteel. Daarna is die ander gedenkplaat en ander items verwyder en is tans in veilige bewaring. Die twee ou gewere (sannas) is na Pretoria geneem en in 'n museum geplaas.



Deur die afgelope 30 jaar het die struktuur van die monument drasties agteruitgegaan. Die sandsteenklippe is besig om te verweer. Dit verbrokkel en verkrummel en die monument sal dus nie meer lank staande bly nie. Ons het dit by die Erfenisstigting in Pretoria aangemeld. Op Woensdag 14 Maart 2018 het hulle besoek afgelê by die monument en die toestand deeglik ondersoek. Hulle bevindinge was skokkend, en volgens mnr Eben Meets, bestuurder Instandhouding by die Voortrekkermonument, is die verwering meer as 100%. Hy reken dat die struktuur binnekort inmekaar kan tuimel. Die voorlopige kosteberaming vir die herstel hiervan is R22 000. Dit is dus baie duidelik dat ons as gemeenskap daadwerklik sal moet aandag gee aan die monument. Dit is van groot belang dat ons die monument moet bewaar om behoue te bly vir ons nageslag.

Daar is groot plaaslike belangstelling vir die behoud van die monument. Op 3 Mei 2018 is 'n plaaslike vergadering gehou en 'n Petrusburg Erfenisstigting is gestig. Die doel van die stigting is om geskiedkundige herdenkingstekens in die Petrusburg omgewing te bewaar, herstel, herbou en te onderhou. Die Petrusburg Erfenisstigting word as 'n nie-winsgewende vrywillige organisasie bedryf. Enige inwoner of voormalige inwoner kan te eniger tyd lid van die stigting word, mits hy/sy onderneem om hom/haar by die konstitusie en reëls van die stigting te hou. Die huidige ledetal is tien met Apie Reinecke as voorsitter, Piet Venter as ondervoorsitter, Toeks Reinecke as sekretaresse en Marie Stander

as tesourier. 'n Konstitusie, wat aan wetlike vereistes voldoen, is opgestel en is vir alle belangstellendes oop vir insae by die voorsitter.

Fondse word dringend benodig om te verhoed dat die monument inmeekaartuimel! Daar is besluit om daadwerklik met die insameling van fondse te begin en R7,000 is reeds ingesamel. Ons mikpunt is R30 000. Ons vra die gemeenskap en enige belangstellende om 'n donasie te maak in die volgende bankrekening:

Naam van rekening: Petrusburg Erfeniskomitee

Bank: ABSA Bank


Takkode: 632005

Rekening nommer: 933 978 9312

Verwysing: Naam van Donateur en selnr/e-posadres

Ons sal dit baie waardeer as goedgesinde persone vir die saak ons kan help om die nodige fondse in te samel. U is welkom om die voorsitter, Apie Reinecke (selnr 073 195 2113) te skakel vir meer inligting.

Hierdie uitgawe van die *Sonnerad* is saamgestel en versorg deur Petra Luus.  
Taalversorger: Estelle Pretorius

<p>Die Sekretaris SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis Posbus 11403 Hatfield 0028, RSA <a href="mailto:petra@es.org.za">petra@es.org.za</a></p>		<p>The Secretary SA Society for Cultural History PO Box 11403 Hatfield 0028, RSA <a href="mailto:petra@es.org.za">petra@es.org.za</a></p>
---	---	---